VERJAARSDAE : 30 AUGUSTUS—5 SEPTEMBER 2009

08/30	LEONI	MEISSNER	PRIDE OF INDIA 4821B	Blok 4
08/30	MADELAINE	STEYN	DF MALANLN 249	Blok 2
08/30	HANNES	VAN AS	DE LA REYWEG 26	Blok 4
08/30	EMILY	BEKKER	REESTLAND WS 4	Blok 1
08/31	ELISE	KRITZINGER	HANS STRIJDOMLN 146	Blok 3
09/01	SCHALK	BOTHA	VAN RIEBEECKLN 338	Blok 1
09/01	TERSIA	GOUWS	LANGEBRINKWEG 120	Blok 4
09/01	JOHAN	BOTHMA	HANS STRIJDOMLN 85A	Blok 3
09/02	SIMONE	OPPERMAN	ERIKA WS 3	Blok 1
09/03	NATASHA	COLLINS	STORMSTR 259A.	Blok 4
09/03	SUSAN	VAN DER BERG	HANS STRIJDOMLN 145(A)	Blok 3
09/03	DAN	JACKSON	HANS STRIJDOMLN 82	Blok 3
09/03	BRAAM	DE VILLIERS	KRUGERLN 12	Blok 4
09/04	REGGIE	COX (STEYN)	DF MALANLN 249	Blok 1
09/05	BEN	MAREE	FITZPATRICKWEG 21	Blok 2

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan Johan Bothma met sy 85ste verjaarsdag 1 September. Ons bid hom Gods rykste seën toe met hierdie belangrike mylpaal in sy lewe. Mag die Here hom seën met goeie gesondheid, vreugde en geluk in die nuwe lewensjaar.

HUWELIKHERDENKING

DINSDAG, 1 SEPTEMBER 2009

LOURENS EN MIETS STRUTHERS PROTEA 114 Blok 4

Baie hartlik geluk aan Lourens en Miets Struthers met die herdenking van hul 53ste troudag. Mag daar nog baie gelukkige jare saam wees.

DATABASIS

As u inligting nie in ons verjaarsdaglys of huwelikgelukwensing verskyn nie, is dit omdat ons nie die inligting beskikbaar het nie.

As u enige van u inligting - selfoonnommer, telkom telefoonnommer of enige ander inligting verander, laat my asseblief weet.

'n Gemeente se databasis en algemene inligting is net so goed soos wat dit deurgegee word deur die lidmate self.

Baie dankie vir u samewerking.

Max Amsenga (012 664-3629)

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 30 Augustus 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 30 AUGUSTUS
09:00 Nagmaal: Ds Freddie Schoeman *(Tema: Herfs)*
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 31 AUGUSTUS
19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 1 SEPTEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 3 SEPTEMBER
17:00 Biduur

DONDERDAG, 3 SEPTEMBER
09:00 Byelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 4 SEPTEMBER
18:00 Gemeente-ete

SONDAG, 6 SEPTEMBER
09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 7 SEPTEMBER
18:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 8 SEPTEMBER
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 9 SEPTEMBER
17:00 Biduur
19:00 Diakonievergadering

DONDERDAG, 10 SEPTEMBER
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 11 SEPTEMBER
18:00-2200: OppiKoffie

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Johan en Elize de Beer, Krugerlaan 218 met Johan wat ernstig siek is (Blok 2).
2. Marie en Hermann Meier, Smutsln 124 met Marie wat 'n operasie ondergaan het (Blok 2).
3. Shereen en Adam Barnard, Witelsstr 1 met Shereen se pa wat in die hospitaal is. (Blok 4).
4. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat rekonstruksie-prosedure ondergaan het na die kaping en weer geopereer is (Blok 1).
5. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

MEEGEVOEL

Ons betuig graag ons innige meegevoel met Christo en Ansie Blignaut en familie, Hans Strijdomln 199 met die afsterwe van Christo se vader.

Mag julle die nabyheid van die Here nou en in die dae wat kom ryklik ervaar (Blok 2).

Kaartjies is by tee beskikbaar na die diens.

Bespreek nou en betaal later!

Daar sal kelners (ons jongmense!) beskikbaar wees om ons ouer lidmate te bedien tydens die aand.

CMR LYTTELTON: KRUIDENIERSWARE 2009

Baie dankie weereens aan u gemeente wat die afgelope paar jare kruideniersware of finansiële bydrae aan CMR Lyttelton geskenk het. Hierdie spreekkamer is werklik baie dankbaar vir die bydraes wat ons elke maand om die beurt van die onderskeie gemeentes ontvang.

Soos u bewus is neem werkloosheid toe en kan hierdie spreekkamer ook die styging in nood in die aanmeldings by die CMR sien. Die reëling wat hierdie kantoor reeds vanaf 1998 met die onderskeie Vrouedienste/Gemeentes binne die Ring van Lyttelton getref het, is baie suksesvol.

Die CMR neem dus weereens die vrymoedigheid om op u 'n beroep te doen om Septembermaand kruideniersware aan ons te voorsien. Dit kan by die CMR-kantore in die sentrum afgelewer word of by die Kerkkantoor—merk asseblief u pakkie "CMR KOSPAKKIE".

LYS VAN NIE BEDERFBARE ITEMS

TOILETWARE

10	Koekies gesigwasseep
5	Sjampoe
5	Tandepasta
5	1 kg pakke waspoeier
5	Koekies sunlightseep
5	Bottels skottelgoedwasseep

KRUIDENIERSWARE

5	750 ml bottels kookolie
5	100 gr pakkies melkpoeier
10	2,5 kg pakke mieliemeel
5	Pakke rys of stampmielies
5	Pakke kapokartappels of spaghetti of makaronie
10	Pakkies/blikkies sop
5	Blikke koffie of tee/rooibostee
5	2,5 kg pakke suiker
10	Blikkies sardyne
5	Blikkies tuna/sardiens/kerrievis
5	Blikkies weenseworsies
5	Blikkies frikkadelle
10	Blikkies gemengde groente/kerriegroente
5	Blikkies suikermielies
5	Blikkies uie en tamaties
5	Blikkies sousboontjies/ertjies/groenboontjies
5	Blikkies spaghetti

LAAT U NAAM GEËER WORD

Lees Openbaring 4-5

Paulus skryf 'n paar maal in sy briewe dat ons die Here in alles moet eer. Ons woorde, ons gedagtes, ons dade, ja, alles moet 'n loflied tot sy eer wees. Vir party is dit swaar om so te leef, maar dis nie regtig waar nie. Nêrens sê die Bybel gelowiges kan nie tot God se eer leef nie. Van God se kant af ontvang ons al die nodige toerusting om tot sy eer te leef. Ons het sy Woord en sy Gees tot ons beskikking. Wat meer kan ons nog vra?

Om God te eer moet ons elke dag ons gebede in stukkies lof verander. Dit help nie ons wil net heeltyd hê en hê nie. Gebed is nie net kruidenierslyste nie. Nee, dis lof. Gebed gaan in die eerste plek oor God, oor sy eer, sy heiligheid, sy grootheid. Gebed erken God vir wie Hy is. Gebed wat op sy eer ingestel is, skuif die fokus daarom altyd weg van myself as bidder af na Hom toe as die onmeetlik goeie God.

In die Openbaringboek vertel Johannes oor en oor hoedat die hemelse skares God aanbid. So groot is Hy dat almal daar voor Hom buig as Skepper (vgl. Op. 4) en as die Een wat saam met die Lam op die troon sit (vgl. Op. 5). Trouens, die hemelse kerk kan nie anders nie as om in die een crescendo na die ander God se lof te besing, want hulle weet Hy is die Redder van almal. En die goeie nuus is dat daar plek vir nog een stem in hierdie hemelse koor is: joune!

Wanneer mens begin begryp wie God is, dan verander jou woorde oor Hom en aan Hom. Dan praat jy groot van Hom by ander mense en sê jy groot dinge oor Hom vir Hom. Netso verander jou lewe ook as jy God se grootheid ontdek. Dan loop jou voete op paaie wat Hom verheerlik en met jou hande doen jy dinge wat wys Hy is die Here van jou hele lewe.

Oorgeneem uit:

AAN MY VADER SE VOETE

Stephan Joubert

NUWE BEDIENINGE

Elke lidmaat het gawes en talente van die Here ontvang. Hy wil graag hê dat ons dit sal gebruik om sy gemeente op te bou en die koninkryk uit te brei. Die ideaal is dat almal van ons op die een of ander manier hierby betrokke sal wees. Dit hoef nie noodwendig binne die gemeente te wees nie maar ook deur middel van ons daaglikse werk. Daar is egter baie ruimte om ons gawes en talente binne die gemeente te gebruik. *Ons sal van tyd tot tyd inligting oor die bedieninge van die gemeente hier deurgee sodat jy as lidmaat hiervan kan kennis neem en, indien die Here jou so lei, aanmeld vir diens.*

Vandag wil ons twee nuwe bedieninge wat ons graag van die grond wil kry, bekend stel, naamlik, ‘n erediensbediening en ‘n omgeebediening.

EREDIENSBEDIENING

Doel: Om God te eer en te verheerlik deur ons eredienste so in te rig dat almal wat dit bywoon ’n ontmoeting met die lewende God sal hê.

Om hierdie doel te bereik is dit nodig om almal en alles wat by die erediens betrokke is saam te snoer binne een bediening sodat beplanning en uitvoering glad en effektief kan geskied. Die volgende aspekte moet aandag geniet:

- Beplanning vir elke erediens volgens die kerklike jaar
- Beplanning vir spesiale boodskapreekse
- Klank en projeksie
- Sang en musiek
- Spesiale geleenthede, byvoorbeeld sangdienste, doop, nagmaal, belydenis-aflegging ens.
- Blomme en ander dekor en versierings
- Simboliek (blomme, kerse, kruise, kanselklede, baniere ens.)

Hier is baie ruimte vir lidmate om met hulle talente en gawes betrokke te raak!

EERSTE BYEENKOMS: Woensdag 2 September 19:00 in die gemeente-sentrum

OMGEEBEDIENING

Doel: Om mense in ons gemeente wat in nood verkeer om welke rede ook al met liefde en deernis by te staan.

Dit gebeur dikwels dat die onverwagte gebeur: siekte, dood, krisis (inbraak, kaping ens.), finansiële terugslag, werksverlies of –nood. ‘n Gemeente moet gerat en geörganiseerd wees om mekaar hierin by te staan op een of meer van die volgende maniere:

- Besoeke om te bemoedig en by te staan
- Praktiese hulpverlening (maaltye, ens.)
- Mediese en ander soortgelyke hulp
- Finansiële bystand
- Ander praktiese dienslewering

Daar is ook ander vorms van nood soos: eensaamheid, bewegingsbeperktheid en verlies van allerlei aard. Die Here het aan sommige van ons spesifieke gawes en talente gegee wat ons kan aanwend om mense in nood by te staan.

EERSTE BYEENKOMS: Dinsdag 8 September 2009 om 18:00 in die gemeentesentrum.

IMMERGROEN MENSE — IMMERGROEN JAFFELS!!

Met die laaste geleentheid wat daar jaffels gebak is het ek so op die kantlyn gestaan en baie nostalgies alles gade geslaan! Dit het gevoel of ‘n mens weer ver terug in die verlede is! Almal hard besig om sy taak te verrig. Dit wil my voorkom asof die jaffel weer ‘n ereplek gekry het hier in Lyttelton-Oos. Almal was so vrolik en opgeruimd en elkeen het raakgevat — tot Rina in haar rolstoel met ‘n geopereerde voet het haar deel gedoen!

Baie dankie aan almal wat gehelp het. As u nie daar was om te help (en te koop) het u voorwaar iets gemis. Hierdie is ’n produk van hoogstaande gehalte! IMMERGROEN BO!

Max Amsenga

GEBEDSGEHOORSAAMHEID

Here, leer ons bid (Lukas 11:1)

Gebed is in sy diepste wese die uitreiking van die mens se siel na die lewende God. Wanneer omstandighede en toestande buite ons beheer raak en ons heimlik hoop dat God tussenbeide sal tree, bid ons. Natuurlik is God by magte om dit te doen. Maar effektiewe gebed lê sekere verpligtinge op ons, onder andere dat ons na God sal luister en sy wil sal doen.

Ware gebed bestaan uit twee komponente: jy hou gemeenskap met die lewende God en Hy hou gemeenskap met jou as nietige mens. Baie van ons is in ons gebedslewe ongelukkig so besig om te praat dat ons nie hoor wat God vir ons wil sê nie. Hy maak sy wil aan jou bekend deur die werk van die Heilige gees, as jy maar net in sy teenwoordigheid wil stil word en sy stem in jou hart wil opvang.

Om seker te maak van sy leiding moet jy gehoorsaam wees aan sy wil soos die Heilige Gees dit aan jou openbaar. Te veel mense soek na God se leiding en sit dan agteroor en wag vir God om op te tree. Ons moet deur ons gebede gemotiveer word en ’n opgewonde gees hê. Soos jou gebedslewe geleidelik en gedissiplineerd ontwikkel en groei, sal jy al hoe sensitiewer word vir dit wat God van jou verwag. Dan sal jy vreugde en blydskap vind deur net vir Hom te leef.

Oorgeneem uit:

Die Lewe van Oorwinning!

Solly Ozrovech

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …
Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel

Alpha

’n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

19 Januarie 2009—23 Maart 2009

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op ’n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 335 045
Gemeentefonds (vir dankoffers) 600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

PARKNAVAL 2009

(Weer in die park vanjaar)
Saterdag 19 September 2009

Al die gewone eetgoed, soetgoed, mooigoed en vermaak vir oumense, grootmense, jongmense en kinders.

SPESIAAL HIERDIE JAAR
Cars in the park

'n verkeidenheid nuwe en veteraan motors. (Vir meer besonderhede kontak Arie Roos 082 578 6595).

Potjiekos kompetisie

Skryf in en wen 'n naweek vakansie vir 4 persone by Verdwaalskloof Lodge te Swartwater, Ellisras.

(Inskrywings vorms en besonderhede: Arie Roos 082 578 6595)

Sanger vir die dag in die park: Martin

Kom geniet 'n hartlike en vrolike karnaval-atmosfeer!

ONS VERSOEK GRAAG DIE VOLGENDE

Boeke, plante en glans tydskrifte (bv. Men's Health, Weg, G & Home, Top Billing, De Kat, ens.): Hermann Meier 664 4760.
Persone wat kan help met die bak van koek en beskuit.
Alet Venter 012 664 3282.
Enige persone wat wil help en nog nie by 'n aktiwiteit ingeskakel is nie. Kobus Badenhorst 083 235 1084.

VOLGENDE VERGADERING …

WOENSDAG, 9 SEPTEMBER OM 19:00
AAN HUIS VAN KOBUS BADENHORST,
VAN RIEBEECKLN 281

PARKNAVAL — KOEKTAFEL

Alet Venter vra bestanddele vir die koektafel in die vorm van koekmeel, suiker, eiers, Stork bak margarine, botter, bak-poeier, kondensmelk. U kan dit in die gemeentesentrum by die koektafel aflewer op 'n Sondag.

As u nie kans sien om bestanddele aan te koop nie, 'n gelde-like donasie sal meer as welkom wees.

Enige gebak sal welkom wees sodat ons verkopings kan hou tydens die tee op 'n Sondag na die diens. Hande om te help met die verkoop kan ook handig benut word!

PARKNAVAL : VARSPRODUKTE STALLETJIE

Is daar miskien iemand wat 'n bydrae by die Parknaval wil lewer en van 'n geleen-theid gebruik maak om 'n vars produkte stalletjie te beman?

Ons kan die groente goedkoper aankoop en dan 'n klein persentasie by-voeg wat vir die Parknaval aangewend kan word.

Die persoon moet self die hele "projek" aanvoer en deurvoer. Die moontlikheid word deur Rachel Martens aangebied—ons soek net 'n persoon om dit deur te voer!

Indien iemand belangstel, skakel Kobus Badenhorst (083 235 1084).

VAKANSIE BY MARLOTHPARK …

Geniet 'n heerlike vakansie terwyl die Parknaval met die netto opbrengs begunstig word.
Geleë teen die Krokodilrivier tussen Malelane en Komatipoort +- 90 km vanaf beide Maputu en Swaziland.

3 x Dubbelbed en suite kamers; 1x Bo vertrek (Loft) met 4 enkel beddens; totaal 10 persone.
Tarief: R200 Volwassenes R150 Kinders 6-18 jr per persoon per dag

Vir besprekings kontak Heinz Meissner : Tel 012 664 3759 / Sel 082 806 8530
e-pos heinzmeissner@vodamail.co.za